NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM**: Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

11.03

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Queenstown

Titel van Projek: Bedieningshulp aan NG Gemeente Cathcart

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	Ds Lizette Viviers
Posadres:	Posbus 92 Cathcart 5310
E-pos:	lizetviviers@gmail.com
Faks:	0862256376
Tel. (k):	0458431004
Tel (h):	0458431004
Selfoon:	0824514049

Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van _____, dat hierdie projek op _____ deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

Handtekening Voorsitter / Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die doel van hierdie projek is om aan die gemeente Cathcart finansiële ondersteuning te bied sodat die bediening van die gemeente binne die gemeenskap van Cathcart op 'n sinvolle en volhoubare wyse voortgesit kan word. Die hoofdoel van hierdie projek is om aan die leraar 'n billike en lewensvatbare salaris te kan bied.

Die fokus van die bediening op Cathcart het gedraai van blote instandhouding na die werk van die gemeente as deel van die liggaam van Christus. Die gemeente is tans besig met 'n geloofsonderskeidende proses waarbinne ons soek en luister na waar die gemeente betrokke kan raak binne die gemeenskap van Cathcart. Die gemeente is tans deel van die Vennootskap van Gestuurde gemeentes; 'n gedeelte van die fondse vir hierdie projek word gebruik om die jaarlikse ledegeld van die SAVGG te betaal.

Die leraar van die gemeente is betrokke by die pastorale versorging van die inwoners van die plaaslike ouetehuis, Callie Evens Lodge.

Die leraar is ook besig met "lifecoaching" by Job's place, 'n rehabilitasiesentrum vir drank, dwelm en dobbelafhanklikes.

As gemeente is ons tans ook besig om vriendskapsbande te bou met die plaaslike VGK gemeente, met die moontlikheid dat hierdie gemeente in die toekoms ook deur die leraar van Cathcart bedien kan word.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Soos genoem is die hoofdoel van die projek om aan die leraar 'n billike salaris te kan bied; sodat die bediening in die gemeente asook die gemeenskap op 'n sinvolle en volhoubare manier kan plaasvind.

Die gemeenskap van Cathcart, in besonder die Ouetehuis asook die rehabilitasiesentrum vind indirek hierby baat omdat dit die leraar in staat stel om haar werksaamhede ook daar voort te sit.

Die konsulent, asook die ander leraars in die ring sal baatvind by hierdie projek, omdat hulle binne hul eie gemeentes nie die tyd het om af te staan aan die verantwoordelikhede van die bediening op Cathcart nie.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Verhoudingsbou en geloofsonderskeiding; praktiese hulp en betrokkenheid in gemeenskap.	12 Maande- onbepaald.

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Die kerkraad van NG Gemeente Cathcart	
Ds Lizette Viviers	

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
NVT	

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
TOTAAL:	R0

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste	
• Verblyfkoste	
• Rekenaaruitgawes	
• Skryfbehoeftes	
• Drukwerk	
• Telefoon	
• Posgeld	
• Verversings	
• ANDER (spesifiseer asb):	
TOTAAL:	**R 0**

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 7.5.2 hierbo):	R36 000
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (7.5.1 hierbo):	
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R36 000

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	**Bedrag**

8.5.5 HOE en AAN WIE moet die uitbetalings gemaak word?

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

NG Gemeente Cathcart

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

As gemeente glo ons dat ons bestaan te danke is aan die Wil van God wat die gemeente hier in die lewe geroep het. Deur Sy genade is ons deel van die werk van die koninkryk van God. In die oë van baie is ons maar net 'n klein gemeenskappie- een wat misbaar en afskryfbaar (expendable) is. Maar, in die gemeenskap waar ons is, sal Cathcart gemeente gemis word. Ons maak erns met die opdrag in Matteus 5:13-16 om sout vir die aarde en lig vir die wêreld te wees. Ons bestaan nie ter wille van onsself nie, maar om deel te wees van die werk van God in die gemeenskap waar Hy ons geroep het om Sy getuies te wees. As gemeente is ons dankbaar vir die ondersteuning wat ons ontvang.

Nota:
Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf